



# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: [nuusbrief@framesby.co.za](mailto:nuusbrief@framesby.co.za)

Uitgawe 59: 4 September 2015

## LOJALITEIT: ONS HOEKSTEEN

Lojaliteit is 'n wonderlike karaktertrek, maar seker een van die moeilikste om by te hou, veral wanneer kritiek gelewer word. Dis daarom soms nodig om eerlik selfondersoek te doen en te besin oor waar ons lojaliteite eintlik lê en of mense of instansies werklik op ons kan reken.

Lojaliteit is nie 'n mooiweers-eienskap nie. Dis 'n integriteits-ding. Wanneer daar op ons deur dik en dun staatgemaak kan word, beteken ons lojaliteit iets. Dit raak egter vandag toenemend duidelik dat hierdie eienskap dikwels net op die oppervlak rondobber en vining verdwyn as dit begin lyk na stormweer.

Op die ou einde is dit 'n trots-ding, waar jou self-trots jou aanspoor om te staan vir dit waarin jy glo, vir dit waarby jy tuis voel, en vir dit waartoe jy jou deur assosiasie verbind het. Om net stilweg te verdwyn in die massa is om die pad van die ruggraatlose te stap en te hoop die haan kraai nie.

Wat ons ook al doen, en waartoe ons ons ook al verbind het, is deel van die GROTER PLAN, en juis daarom mag ons toewyding daartoe nooit onder verdenking te kom nie. Dit beteken die dat alles net blindweg aanvaar hoef te word nie. Dit beteken net dat my woord my woord is. Framesby floreer op opregte lojaliteit en toewyding!

## KRIEKET STEAKBRAAI

11 September – 19:00

R120 pp

Pawiljoensaal

Navrae: Mnr. V Niekerk

## VERJAARDAE HIERDIE WEEK

### Saterdag

Maryna Rheeder 12B

Karla Tait 9G

### Sondag

Marli Classen 11F

André Gerber 9C

### Maandag

Juandré Botha 10A

Karla de Beer 9E

Brendon Ferreira 12F

Janke Helfrich 11D

Julian Keet 12D

Ludévin Parkinson 10C

### Dinsdag

Kéan Barnard 9D

Chirése Horne 12F

Ilké Meiring 9C

### Woensdag

Abigail Appelgryn 9C

Ruché de Klerk 10A

Johan Grobler 12A

Tammy-Lee Parker 12E

### Donderdag

Jodi Cilliers 8E

Zander Deysel 10C

Cornelius Johannes Greef 8G

Divan Meyer 9B

### Vrydag

Leah Blom 9D

Annel Gerber 11F

Vernon Gouws 12F

Almarize Kleu 11G

Zane Smit 8G

## KOOP JOU KAARTJIE NOU!

### FRANK OPPERMAN

1 Oktober 2015 in die Skoolsaal  
Kaartjies R80 pp by Algemene Kantoor



# PRESTASIES, UITSLAE EN NUUS

## GRAFFITI-SPAN LOSGELAAT IN DIE KAAP EN LEER BAIE

Daar word gesê as jy wil verbeter moet jy jou met die beste vergelyk. Die besluit om aan die Kaapse been van die ATKV Tienertoneel kompetisie te gaan deelneem was dus 'n goeie een. Alhoewel ons nie die finaal gehaal het nie het ons gekompeteer teen 2 van die stukke wat deur is na die Top 10-finaal by Aardklop in Oktober.

Die kompetisie het plaasgevind by Hoërskool Durbanville en daar is vanaf vroeg die oggend voorberei om die stel en die spelers gereed te kry. Ons het baie goeie terugvoer vanuit die gehoor ontvang ná ons optrede, al het dit dalk nie die beoordelaars so beïndruk nie. Ons het wel met 4 Brons-sertifikate weggestap by 'n landswye kompetisie waarin 180 toneelstukke deelgeneem het, en die toneelstukke vanuit 'n nasionale perspektief beoordeel word. Dit was 'n lang pad, maar die week in die Kaap het ons baie geleer, vriendskapsbande is vir ewig gesmee en die pragtige Kaap is verken. Framesby is dalk nog nie nou as 'n 'drama-skool' bekend nie, maar ons het baie talent en potensiaal, en ons sal aanhou strew om die beste te wees wat ons kan.

Al ons toneelspelers offer geweldig baie op om hul passie uit te leef, en al wou hulle graag beter presteer, is ons ongelooflik trots op hulle!!

### Graffiti toer na Kaapstad



## Carli gekies vir die OP-tennisspan

Framesby is besonder bevoorreg om 'n paar baie goeie tennisspelers in ons geledere te hê. Ons berig gereed oor ons twee nasionale verteenwoordigers, Wilanie van Zyl en Janré Viljoen, maar die jonste speler in ons eerste span. Carli Van Onselen, is ook besig om haarself te vestig as 'n krag in OP-tennis.

Carli is onlangs vir die OP O/14-span gekies en het op Saterdag 29 Augustus haar provinsie in 'n Interprovinsiale toernooi teen Grens verteenwoordig. Sy het in die enkels, dubbels en gemengde dubbels meegeding en uitstekend gevaar deurdat sy al haar wedstryde gewen het.

Carli is ook gekies vir die OP O/15-span wat vandag en môre in 'n interprovinsiale toernooi met die Boland, WP en SWD betrokke sal wees. Uitstekende prestasie, Carli. Dis wonderlik dat ons so 'n blink opkomende ster in ons midde het!

## FRAMESBY-KUNSSTUDENTE BLINK UIT BY PE KUNSFEEES

Alhoewel Framesby nie Kuns as vak by die skool aanbied nie, wou 'n groep van ons leerders baie entoesiasies die kunsklasse wat op 'n Dinsdag en Donderdag deur personele van die Port Elizabeth Kollege aangebied word, by. Hierdie leerders is uiters talentvol en het verlede week die geleentheid gekry om van hul werke in te skryf by die PE-Kunsfees wat by Framesby aangebied is. Hulle het uitstekend gevaar en ons is besonder trots op hulle!

Tiaan Botha, Laurika Botha, Charlie Hart, Marieke Gerber, Marné Ackermann en Louis Potgieter het almal 'n A vir hul werke ontvang. Baie geluk!

Carmen Schoonraadt was egter die GROOT uitblinker deurdat 'n A++ aan haar toegeken is. By die Gala-aand het sy die toekenning ontvang vir die beste prestasie in die Visuele Kunste deur 'n senior leerder. Dis voorwaar 'n pragtige prestasie, Carmen! Baie geluk. Dit dien maar net weer as bewys van die ongelooflike talent wat in hierdie skool skuil!



# KRIEKET EN NOG NUUS

Ons eerste krieketspan is hard aan die oefen vir die komende seisoen wat reeds volgende Donderdag afskop met hul deelname aan die Pearson Krieketfees. Framesby het homself die afgelope paar jaar gevestig as een van die beste krieketskole in die Oos-Kaap, en het ons in 2013 die Oos-Kaap as die Warriors-kampioene verteenwoordig in die nasionale skole T20-eindstryd. Die span se bepalings vir 2015/2016 verskyn onder. **BAIE STERKTE VIR DIE SEISOEN!**

DATUM	OPPONENTE	FORMAAT	PLEK
10 Sept	Marlow	T20	Pearson Fees
10 Sept	Grey	T20	Pearson Fees
11 Sept	Union	Tyd	Pearson Fees
12 Sept	Alex	50 overs	Pearson Fees
Sept/Okt TBC	NMMU	T20 / 50 overs	TBC
Sept/Okt TBC	DP	T20 / 50 overs	TBC
3 Okt	Tygerberg	Tyd	Punt Krieketfees
4 Okt	Diamantveld	Tyd	Punt Krieketfees
5 Okt	Langenhoven	50 overs	Punt Krieketfees
6 Okt	Strand	T20	Punt Krieketfees
	TBC	T20	Punt Krieketfees
16/17 Okt	TBC	T20	Despatch
24 Okt	Pearson	50 overs	Framesby
31 Okt	DP	50 overs	TBC
TBC	Grey	50 overs	TBC
<b>2016</b>			
23 JAN	NOORD-KAAP	50 overs	Framesby
30 JAN	BRANDWAG	50 overs	TBC
11 FEBR	PUNT	50 overs	Mosselbaai
13 FEBR	BOLAND LAND.	50 overs	Mosselbaai
20 FEBR	NICO MALAN	50 overs	TBC
27 FEBR	VP	50 overs	TBC
5 MRT	KINGSWOOD	50 overs	TBC



## BERNARD EN RUBEN NA ENGELAND

Die besondere eer om vir 3 maande in Engeland skool te gaan en rugby te speel, het twee van ons eerstespanspelers te beurt geval. Ruben le Roux en Bernard McDonald het Dinsdag na Brittanje vertrek waar hulle tot aan die begin van Desember by Queens College in Taunton sal skoolgaan en rugby speel. Die rugby sal die meeste van hul tyd in beslag neem aangesien hulle sommige weke selfs twee wedstryde per week sal speel. Dit mag klink na 'n lekker "jol", maar die arme manne moet al die vraestelle van die komende toetsreeks, sowel as die eindeksamen, skryf op dieselfde dae wat hul Graad 11-maats dit hier sal doen. Seker maar spyt dat tegnologie so gevorder het!

Mag die twee manne dit vreeslik geniet en die bloktrui se naam hoog hou!

## DRIE FRAMESBY-MANNE IN OP-7'S

Ondanks die teleurstellings wat die eerste rugbyspan vanjaar beleef het, het 'n klompie spelers groot mylpale bereik. Ses spelers was by die Cravenweek in aksie en twee, André Lategan en Riaan van Rensburg, is opgeneem in die SA Skole-A-span.

Na afloop van 7's-proewe het van die manne nog verder presteer toe Malan Marais, Louis Strydom en Riaan van Rensburg in die OP 7's-span opgeneem is wat in Oktober in die Paarl aan die nasionale toernooi sal deelneem.



# ALGEMEEN EN SIELSKOS

## VAN DIE OER GESLAG GELEER ....

WAARSKYNLIK was dit deur die eeue so dat die volwasse geslag met bekommernis na die jeug gekyk het en hulself afgevra het wat van die wêreld gaan word as die jeug so losbandig en eiewys is. In ons tyd kom hierdie bekommernis egter in 'n verhewigde vorm voor. Die moderne jeug wek na alle kante toe die indruk dat hulle hand-uit geruk het en geen norme of waardes meer erken wat vir die ouer geslag betekenisvol was nie. Veral sedert die Tweede Wêreldoorlog het in die Weste 'n gees van vernet teen die gevestigde orde in die samelewing sigbaar geword. Die jeug het aan die spits gestaan van revolusionêre veranderinge op die gebied van die moraal en die sedes. Seksuele losbandigheid is maar een aspek daarvan. Die hele wyse waarop die jeug die lewe benader, lyk asof dit afgestem is op die vernietiging van die geestelike en kulturele erfenis waarvolgens die Weste eeue lank geleef het. Die tragiek van hierdie situasie is dat die ouer geslag wel hul hande in afgrype kan saamslaan oor wat met hul kinders aan die gebeur is, maar dat hulle weinig daaraan kan doen. Die rede daarvoor is dat ons tans die vrugte pluk van die wyse waarop ons self geleef en ons kinders opgevoed het. Ons jeug is nie 'n vreemde verskynsel wat uit die lug geval het, sonder enige toedoen van ons kant nie. Ons het die soort kinders wat ons verdien. Daar is min dinge waarvoor die moderne jeug nog "nee" kan sê. Hulle het so permissief geword dat hulle nie meer kwaad daarin kan sien om vrye teuels te gee aan al die begeertes en grille wat by 'n verwerende mens kan opkom nie. Maar hulle het dit van die ouer geslag geleer. Ons het hulle grootgemaak as verwerende en losbandige mense wat nie die betekenis van die woord "nee" ken nie. Hoe kan ons dan verwag dat hulle dit as tieners sal ken? Baie van ons vermaninge val by ons kinders op dowe ore omdat hulle goed genoeg weet dat ons nie self lewe soos ons dit van hulle verwag nie. Die jeug het 'n afkeer van skynheiligheid, van die handhawing van 'n vrome front. Hulle verwerp ons vermaninge omdat hulle nie glo dat dit opkom uit 'n lewenskwaliteit wat dit geloofwaardig maak nie. As hierin 'n verandering moet kom, sal dit dus nie help om die jeug maar net te vermaan sonder om self te verander nie. Hul afkeer van skynheiligheid is korrek. Daar moet in ons hele samelewing 'n diepgrypende geestelike verandering intree. Ons sal moet terugkeer na die basiese dinge wat die menslike lewe beskerm en bewaar. Ons sal weer uit die Bybel moet begin leef. Gelukkig is daar tekens van 'n betekenisvolle geestelike vernuwing, veral ook by 'n deel van ons jeug. God het ons nog nie prysgegee nie. Daar is nog 'n toekoms as ons die Woord van God ernstig opneem. Miskien kan die volgende geslag beter vrugte van hul opvoedingswerk pluk as ons.

Uit die rubriek *Geestelike Waardes: Die Burger* van 13 Februarie 1988 (Skrwer Prof. Willie Jonker)

## DOEN WAT JY DOEN TOT DIE BESTE VAN JOU VERMOË

Dit is so dat alle funksionele skole 'n buitemuurse program het. Dit is ook so dat dit uniek aan Suid Afrikaanse oud model C-skole is. Daar is skole in ander lande wat ook 'n buitemuurse program volg, maar nie hoegenaamd van die omvang wat jy by sekere S.A. skole kry nie. Leerlinge kan uit 'n groot verskeidenheid aktiwiteite kies, wat sport, kultuur en verenigings insluit.

Die opvoedingsdoel wat elke skool moet nastreef is om hul leerlinge te help om gebalanseerde volwassenes te word. Daar moet nie té veel druk van die skool of huis op die leerlinge geplaas word om aan té veel aktiwiteite deel te neem nie. Dit veroorsaak dat die kinders weinig tyd het om net kind te wees en hulle leef soms onder gróótt prestasiedruk. Dié leerlinge jaag van voor sonsop tot na sonsonder van een aktiwiteit na die volgende om dan só uitgeput by die huis te kom dat daar net nie meer krag oor is om verder iets te doen nie. Die vraag is egter... wanneer kry dié leerlinge dan tyd vir hulle studies?

Skoolaktiwiteite word lankal nie meer net vir die plesier be-oefen nie. Daar is 'n al groter vlak van professionalisme in die benadering van die meeste aktiwiteite. Dit veroorsaak dat leerlinge baie tyd aan die voorbereiding vir dié spesifieke aktiwiteit moet doen. Dit sluit voorbereidingskampe, gimnasiumwerk, tot spesiale dieëte in en baie ure word ingesit om sukses te behaal.

Dan is daar ook sekere ouers wat geweldige druk op hulle kinders plaas om te presteer. So word daar berig dat daar ouers is wat bereid is om op tot 'n R1 000.00 te betaal vir 'n toespraak om hul kind by 'n redenaarskompetisie te laat uitblink.

Onderwysers word primêr opgelei om sekere vakke te onderrig wat veroorsaak dat skole met reuse probleme sit om al die aktiwiteite van die skool op vermeldede professionele grondslag aan te bied.

IS DIT NOG ONS DOEL OM TE SORG DAT KINDERS GELUKKIG IS EN 'N GEBALANSEERDE OPVOEDING KRY?

## GRAAD 12 EKSAMEN

Die volgende vraestelle word in die week geskryf:

	Oggend 09:00	Middag 14:00
Maandag 7 September	Rekening-kunde	
Dinsdag 8 September		Musiek V1
Woensdag 9 September	CAT V1	English P1
Donderdag 10 September	Besigheid- studies	
Vrydag 11 September	Fisiese Wet. V1	Afrikaans V1